## FRANS HENDRIK ODENDAAL, 18 SEPTEMBER 1898 8 FEBRUARIE 1966

Die heengaan van mnr. F. H. Odendaal, in lewe Administrateur van Transvaal, het ongetwyfeld 'n leemte gelaat wat, juis as gevolg van sy diens op 'n groot verskeidenheid van terreine, tyd sal neem om weer volkome gevul te word. Sedert hy in 1958 Administrateur geword het, het hy nie alleen 'n leidende posisie in die bestuursaangeleenthede van Transvaal ingeneem nie, maar 'n diens van monumentale omvang aan Transvaal gelewer.

Deurgaans was sy openbare loopbaan gekenmerk deur sy liefde vir en sy geloof in sy land en volk en kon hy dus op 'n onbaatsugtige wyse diens aan sy medemens lewer. Van hom kan gesê word dat hy nie alleen gelei het nie, maar ook bereid was om te dien. Ten spyte van die hoë posisie wat hy beklee het, is sy optrede steeds deur nederigheid en beskeidenheid gekenmerk.

Vir die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* is dit met 'n gevoel van dankbare erkentlikheid dat die heengaan van mnr. Odendaal op dié wyse in herinnering geroep kan word. Sedert hy in 1958 Administrateur geword het, was mnr. Odendaal een van die gewaardeerde Beskermhere van dié Genootskap. Voortdurend was die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* bewus van die feit dat Onderwys 'n aangeleentheid was wat mnr. Odendaal na aan die hart gelê het, maar terselftertyd ook bewus van die feit dat die taak waarvoor die *Historiese Genootskap* hom beywer, heelhartig deur mnr. Odendaal onderskryf is.

Die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* wens dus hiermee dank te betuig aan die dienste van 'n goeie vriend en mev. Odendaal en kinders te verseker van ons innige meegevoel met die groot verlies wat hulle gely het.



*Frans Hendrik Odendaal.*